



Bou ons kinders vir môre

Godsdiensonderrig 2

**Lestitel: Jesus raai ons aan om waaksaam te wees in afwagting
op sy wederkoms**

'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig



Liewe Ouer

Welkom by die les “**Jesus raai ons aan om waaksaam te wees in afwagting op sy wederkoms**”

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
1.	Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of deur op die volgende WhatsApp-skakel te druk: https://bit.ly/3NACSSHS
2.	<p>Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is:</p> <ul style="list-style-type: none">• Bybel• Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is• Kind se werkboek, potlode, kryte, ens.• Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is• Kategismus in Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie) <p>Nota:</p> <p>2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is na die Sondagoggendgodsdienst, om sodoende in lyn met die normale Sondagskooltyd roetine te behou.</p> <p>2.2: Hou die les so bondig (kort) moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste! Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie.</p> <p>2.3: Die les is vir 'n spesifieke klas (Sondagskool (SS), Godsdiensonderig (RI) of Konfirmasie (Conf)).</p> <p>2.4: Kontak gerus u Sondagskoolonderwyser indien u ondersteuning vereis of van bogenoemde hulpbronne benodig.</p>
3.	Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.



Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke te gee rakende voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
4	Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees. Voorbeeld: Sit op 'n mat of om 'n tafel.
5	Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan. Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.
6	Maak vir jouself aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.
7	Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.
8	Bied die les vir u kind aan.
9	Wys vir jou kind die video en bespreek die betekenis daarvan.
10	Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek
11	Bid of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.

Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Hiermee 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele(ekstra) inligting.



Die Les

Lestitel	Jesus raai ons aan om waaksaam te wees in afwagting op sy wederkoms
Bybelwoord	Mattheus 25: 1 – 13
Lesdoelwit	Die kinders leer wat nodig is om voorbereid te wees op die wederkoms van Christus.

Lesopsomming:

- In Mattheus 25: 1-13 lees ons van 'n tyd toe Jesus sy dissipels geleer het om gereed te wees vir sy wederkoms.
- Jesus het hulle die gelykenis van die tien maagde vertel om hulle te help verstaan.
- Die gelykenis is gebaseer op 'n ou Joodse gewoonte.
- Die aand voor 'n troue het familie en vriende van die bruid haar gehelp om gereed te maak en sy het op die bruidegom by haar huis gewag. Niemand het die tyd geken nie. Wanneer hy gekom het, het hulle die bruid gaan roep en dan het almal na die bruilofsfees by die bruidegom se huis gegaan.
- Jesus het vir hulle gesê: “Daar was eenmaal tien bruidsmeisies wat hul olielampe geneem het en uitgegaan het om die bruidegom te ontmoet.
- Vyf van hulle was dwaas en vyf van hulle was wys.
- Die dwase het hul lampe geneem, maar geen ekstra olie nie, terwyl die wyse 'n houer vol olie vir hul lampe saamgeneem het.
- Die bruidegom het laat gekom en die bruidsmeisies het vaak geword en aan die slaap geval.
- Dit was al middernag toe daar geskree word: “Die bruidegom is hier!”
- Toe het al die bruidsmeisies wakker geword en hulle lampe gesny.
- Die dwase sê vir die wyse: "Gee ons 'n bietjie van julle olie, want ons lampe is besig om uit te gaan?"
- “Nee”, het hulle geantwoord, “daar sal nie genoeg wees vir julle en vir ons nie. Gaan winkel toe en koop vir juiself.”
- Maar terwyl hulle gegaan het om olie te koop, het die bruidegom daar aangekom; en die wat gereed was het saam met hom na die bruilofsfees gegaan. Toe is die deur gesluit.
- Later het die ander bruidsmeisies opgedaag, “Meneer, meneer! Laat ons in!” Maar hy het geantwoord: “Beslis nie! Ek ken julle nie!”
- Toe het Jesus afgesluit: "Waak dan, omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die Seun van die mens kom nie."



Wat beteken hierdie les vandag vir ons?

- Die bruidegom verteenwoordig die Here Jesus wat belowe het om terug te keer.
- Die tien bruidsmeisies, verteenwoordig ons wat op sy terugkeer wag.
- Om aan die slaap te raak is die gevaar wanneer daar lank op iets gewag word.
- Niemand weet presies wanneer Jesus sal terugkeer nie.
- Die olie in die gelykenis verteenwoordig die Heilige Gees wat ons geloof stimuleer.
- Die Heilige Gees openbaar die woord van God waardeur ons geloof versterk word.
- Ons moet die Heilige Gees toelaat om ons te lei en ons tyd wys gebruik totdat Hy kom.

Hoe kan ons vandag wys optree om gereed te wees vir Christus se wederkoms?

- Neem die woord van God in deur die Bybel te lees en godsdienste by te woon.
- Wees gehoorsaam aan die woord van God en pas dit toe; moenie tot later uitstel nie.
- Moenie wag om te vergewe en weer versoen te word na 'n argument of verkeerde daed nie.
- Help saam in God se werk en spandeer tyd saam met ander kinders van God.
- Die belangrikste is dat ons tot Christus moet bid vir:
 - Standvastigheid en getrouheid,
 - Vreugdevolle afwagting op die terugkeer van die Here Jesus,
 - Die vermoë om te onderskei tussen wat belangrik is en wat onbelangrik is, en
 - Die verkorting van die tyd tot sy wederkoms.

Is jy gereed vir Jesus se wederkoms?

Doen oefening 1, 2 en 3 saam met u kind.

Regstelling in die werkboek in Oefening 2 - Bybelteks op bladsy 45 en nie op bladsy 12 nie

Antwoord op Oefening 3:

Mattheus 26:41 - Waak en bid.

Sommige vrae wat ons kan vra:

1. *Wat het Jesus verduidelik met die gelykenis van die tien maagde?*

Antwoord: Hy het verduidelik aangaande gereedheid vir sy wederkoms

2. *Die gelykenis is gebaseer op 'n ou Joodse gewoonte, op wie het almal gewag?*

Antwoord: Hulle het gewag dat die bruidegom sy bruid kom haal

3. *Hoeveel bruidsmeisies het met olielampe gewag?*

Antwoord: tien bruidsmeisies

4. *Waarom moes die vyf dwase bruidsmeisies winkel toe gaan?*

Antwoord: Om olie vir hul lampe te koop

5. *Wat het gebeur toe hulle van die winkel teruggekeer het?*

Antwoord: Die huweliksfees se deur was gesluit en hulle kon nie ingaan nie

6. *Waarom was hulle nie toegelaat om by die bruilofsfees in te gaan nie?*

Antwoord: Hulle was nie gereed toe die bruidegom gekom het nie, en dit was te laat om in te gaan



'n Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:

Liewe God, baie dankie vir hierdie dag

Seën alle ouers en kinders

Mag ons u teenwoordigheid aanvoel

Seën die les wat ons gaan hê

Leer ons hoe om U te dien

En help ons om u wil te doen

Sodat ons nader aan U kan groei

Stuur Jesus om ons te kom haal

En mag ons gereed wees om Hom te ontmoet. Amen